



Engelse Gereformeerde Kerk in die Begijnhof, Amsterdam


Kort Gids vir Besoekers

„Môre oggend gaan ek na die Engelse kerk; dit lê daar so vreedsaam in die aandlig, in daardie stille Begijnhof tussen die doringlanings asof om te sê: In loco isto dabo pacem: Na die plek, sê die Here sal ek vrede bring, Amen, so sal dit wees.”

Vincent van Gogh

- 1 Wanneer u die binne portal betree (B), lei die deur op regterhand na die Konsistorie (C). (Die Konsistorie is nie oop vir besoekers nie.)
- 2 By die ingang van die Kerk, let op die twee pragtige gotiese vensters, een in die portaal, en die ander een net binne die Kerk, beide heropen tydens die 1975 restorasie. Verderaan is nog twee ruite, (2A), so geplaas om lig te werp op die preekstoel, toe dit nog tussen die vensters gestaan het.
- 3 In die Kerk is verskeie vlae. Die 1ste is die Koninklike Standaard van Skotland, en die 2de `n replika van die Standaard van die slag van `n Skotse regiment, (Die Mackay), een van die wat in Nederland geveg het in die stryd vir onafhanklikheid teen Spanje in die 16e eeu. Ander vlae is die van Nederland, Die Huis van Oranje, Die Verenigde Koninkryk, Skotland en Kanada.
- 4 Wanneer u die Kansel bereik en terugkyk, na die agterste deel van die Kerk, sien u die 18e eeuse orrel met omhulsel van houtsneëwerk deur Jacob Hulstman, wat in 1999 gerestoureer is. Die orrel is herbou deur Flentrop van Zandaan ten tye van die Millenium wisseling, om ooreen te stem met die oorspronklike 18e eeuse plan van die orrel deur Christiaan Müller.
- 5 & 6 Voor die klein positiewe orrel, (ook deur Flentrop gebou) staan die lessenaar wat die simbole van die vier Evangeliste uitbeeld, en gemaak is deur Nico Onkenhout in 1977.
- 7 Op die Nagmaaltafel lê een van ons oudste Bybels, wat dateer uit 1763.
- 8 Agter die Kansel is ons enigste loodglas vensterruit, geskenk in 1920 deur die Heer Edward Bok van Amerika, ter geleentheid van die 300ste herdenking van die vertrek van die Pelgrim Vaders van Leiden na die nuwe wêreld. Baie van die Pelgrim Vaders het in Amsterdam gewoon.
- 9 Langs die trappe van die Preekstoel staan die doopbak.
- 10 Die Preekstoel is versier met `n groep panele ontwerp deur Piet Mondriaan en besnee deur Edema van der Tuuk om die kroning van Koningin Wilhelmina in 1898 te herdenk. Die Bybel lê op `n tafel gestut deur `n baie mooi koper standaard wat in 1689 aan die Kerk geskenk is deur die Stadsvader Willem 111 en sy vrou Mary Stuart nadat daar `n beroep gemaak is op beide om gesamentlik te heers oor die Monargie van die Verenigde Koninkryk.

- 11 Aan die muur, naaste aan die Preekstoel, hang `n Keltiese Kruis, `n geskenk van die Alledag-Kerk, wat jarelank reeds Hollandse Dienste aanbied op Woensdae.
- 12 Regs van die Preekstoel is daar `n deur wat na die Diakenkamer lei (D). Daar, langs die deur in die Kerk self, hang panele aan die muur waarop name aangebring is van al die diakens wat deur die eeue in die Kerk gedien het.
- 13 Teen die suidemuur staan die houtbesnede Burgermeestersbank, dus reg oorkant waar die Preekstoel vroeër (1607-1912) gestaan het.
- 14 Langs die kas in die hoek, neem kennis van die Sekel van die DoodsEngel op een van die grafstene. „Begyntjes” was tot en met 1818 onder die Kerkvloer begrawe. Die barok komponis Locatelli lê onder andere ook daar begrawe, deurdat die standplase vroeër van die KerkRaad aangekoop was.
- 15 Wanneer u die Kerk verlaat sien u aan die agtermuur links, `n geraamde facsimile van die notule van die heel eerste preek deur John Paget op 5 Februarie 1607.



„Laat daar binne hierdie mure geeneen vreemd voel nie.”

’N TUISTE VIR DIE INTERNASIONALE GEMEENSKAP

Hierdie Engelse Hervormde Kerk is die tuiste van vele mense wat graag in Engels wil aanbid in Amsterdam. Behalwe Protestante uit die Verenigde Koninkryk, Nederland, Kanada en die VSA, Afrika en Japan, word vele ander denominasies verteenwoordig op ’n Sondag in die Kerk. Tydens ’n onlangse opname is bevind dat nege en twintig nasionaliteite van meer as twintig denominasies ’n diens bywoon.

Ons is ’n gemengde gemeenskap wat vlugtelinge, sakemanne, musikante, juriste, huisvrouens studente en vele ander die geleentheid bied om bymekaar te kom om hulle geloof te bely, en mekaar te ondersteun. Sommige kerkgangers is hulle lank al lede van die Kerk. Andere kom as volwassenes om in Nederland te studeer of te werk. Die gemeente het ook kontak met lede wat in ander lande werk in hulporganisasies. Artse sonder Grense in Suid en Midde Amerika, en Mulanje Mission Hospital in Malawi.

WELKOM

Ons verwelkom almal wat saam met ons wil aanbid tydens ons Sondag oggend dienste om 10.30vm. Al ons dienste is in Engels. Daar is ’n crèche vir klein kinders, asook ’n Sondagskool en Jeugkerk. Die hele familie kan dus saam aanbid. Na die diens word koffie aangebied vir besoekers en gemeentelede in die ontvangslokaal.

Nagmaal word gevier op die eerste Sondag van die maand, en op Witte Donderdag en Paas Sondag. Daar is ook ander besondere dienste in die Stille week en met Kerstyd.

Hierdie dienste en die wat elke 2e Sondag plaasvind, word gelei deur ons koor. (behalwe van Julie tot September)

MENSE MET ’N GESKIEDENIS

Ons Gemeente floreer deur die jare, en aanbidding in Engels bly behoue in die hartjie van Amsterdam vanaf 1607, behalwe vir ’n kort tydperk tydens die Duitse besetting in die 2e wêreld oorlog. Die Engelse Hervormde kerk het ontstaan onder die vaandel van die Hervormde Kerk van Nederland, altyd met behulp van Engelse of Skotse predikante. In die middel van die 18e eeu ontstaan daar sterk bande met Skotland, en van daardie tyd af kom die predikers almal van Skotland.

Die Gemeente maak ’n volledige deel uit van die Kerk van Skotland in die “Classis” van Europa. Tydens die halfjaarlikse vergaderings word die Sinode bygewoon deur verteenwoordigers van die twaalf Europese gemeentes van die Kerk van Skotland. Die gemeente word ook verteenwoordig deur ’n ouderling van die “Classis” van Amsterdam van die Nederlandse Hervormde Kerk

Ons Kerk het alreeds ’n ledetal van byna 400 aanbidders wat steeds groei, en die internasionale aard van Amsterdam, en die rol van die Christelike kerk weerspieël.

Die Konsistorie wat die gemeente lei bestaan gewoonlik uit 12 lede, van beide diakens en ouderlinge wie die breë deursneë van die gemeente in ouderdom en agtergrond verteenwoordig.



DIE HISTORIESE KERK IN DIE BEGIJNHOF

Die eerste kerk in die Begijnhof word in 1419 ingewei en eredienste word ter plaatse aangebied aan die leke gemeenskap van vroue, die Begynen, die op die hof woon.

Die hout kerk het in 1421 afgebrand asook die meeste van die res van die Begijnhof en ’n groot gedeelte van Amsterdam. Aan die einde van die 15e eeu word die Begijnhof en haar Kapel herbou in steen. Tydens die Reformasie is die Kerk gesluit toe die stadsvaders alle godsdienstige praktyke verbied behalwe die van die Hervormde Kerk.

Die kerk was dus nie gebruik vir ’n ruk nie, behalwe as opslagplaas en washok vir die Begijnhof.

Toe Engelsprekende protestante op soek was na ’n perseel vir hulle dienste in Amsterdam, het die stadsvaders die leë gebou in die Begijnhof aangebied. Die eerste diens was gehou in Februarie 1607. Teen die einde van die 17e eeu word die gebou uitgebrei, en word dit officieel die eiendom van die Engelse Protestantse Gemeente in 1812. Die indeling verander in 1912 en die Kerk word gerestoureer in die jare 70.

In die somer, en in die najaar van 2005 word verdere breedvoerige herstelwerk uitgerig, aan die fondasies, en van die binnekant, van die Kerk.

Op die oomblik is die kerkgemeente besig om geld in te samel om die tekort in die Restourasiefonds aan te vul.

Vir meer informasie:

Webwerf: www.ercadam.nl

Dominie: Reverend John Cowie
JW Brouwersstraat 9,
1071 LH Amsterdam

Tel: 020 672 2288